Byvoegmiddel

Wenk van die Maand

Oktober 2018

BYVOEGMIDDELS HELP GEWASBESKERMING PRODUKTE OM HUL POTENSIAAL TE BEREIK

Dit is ‘n algemene wanpersepsie dat byvoegmiddels die effektiwiteit van gewasberskerming produkte (GBP) tot ‘n vlak van meer as hul potensiaal sal verhoog. Die waarheid is eerder dat elke GBP ‘n sekere potensiaal het wat dit onder ideale toestande sal bereik. Toestande is egter nooit ideaal nie en elke effektiwiteit-beperkende faktor, sal tot die verlaging van GBP effektiwiteit bydra.

Die rol van byvoegmiddels is om die invloed van effektiwiteit-beperkende omgewingstoestande op die GBP te verlaag om sodoende die produk se volle potensiaal te bereik. Byvoegmiddels is daarom die helpers wat GBP in staat stel om hul potensiaal te bereik.

Wat in ag geneem moet word

Elke GBP het ‘n sekere potensiaal, maar het ook sekere tekortkominge. Hierdie tekortkominge sluit onder andere in; antagonisme van die spuitwater, alkaliese hidroliese in water met ‘n hoë pH, swak bedekking van spuitdruppels a.g.v. formulasie tipe, ‘n geneigdheid om fyn druppels te verhoog, swak opname onder lae humiditeit toestande en verskeie ander.

Die doel van byvoegmiddels is om die GBP te help om hierdie tekortkominge te oorkom. Dit stel die GBP in staat om meer van die potensiaal te bereik om bevredigend onder die meeste omgewingstoestande te presteer. Indien ‘n spesifieke GBP deur verskeie faktore beïnvloed word, mag meer as een byvoegmiddel benodig word om al hierdie fakore aan te spreek. Veelvoudige byvoegmiddel gebruik is ‘n relatiewe nuwe konsep in Suid-Afrika, maar dit is ‘n werklikheid met sekere produkte.

Neem kletodim as voorbeeld. Byvoegmiddels wat met kletodim gebruik word moet waterkwaliteit aanspreek terwyl daar ook ‘n effektiewe byvoegmiddel vir opname gebruik moet word.

Gevare van ongewensde eienskappe

Nadat die tekortkominge van die GBP vasgestel is en die korrekte byvoegmiddels gekies is, is daar nog ‘n paar aspekte wat in ag geneem moet word.

Maak asseblief seker dat geen van die byvoegmiddels enige ongewensde bestandele of eienskappe, wat die effektiwiteit van die GBP benadeel, besit nie. Byvoegmiddels het dikwels addisionele eienskappe, bo en behalwe dit wat vir die GBP benodig word. Dit is belangrik dat hierdie addisionele eienskappe nie nadelig vir die effektiwieit en mengbaarheid van die GBP is nie.

Byvoegmiddels soos benatters, olies en verskeie ander mag ook sure, hêrbenatters ens in die produk formulasie bevat. Dit is van kardinale belang dat die byvoegmiddel tot verhoogde effektiwiteit bydra, sonder om enige ongewensde reaksies te veroorsaak. Indien die GBP met ‘n spesifieke byvoegmiddel of ‘n kombinasie van byvoegmiddels geregistreer is, moet die etiket aanbevelings gevolg word.

Villa se mening

Byvoegmiddels speel ‘n belangrike rol met GBP toedienings. Gebruik byvoegmiddels wat op die etiket aanbeveel word en maak seker dat al die tekortkominge van die GBP aangespreek word. Maak ook seker dat jou byvoegmiddel keuse nie tot oneffektiwiteit of ander probleme soos onmengbaarheid lei nie.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za

villa